

## I.

Vir die meeste geleerdes wat hulle besig gehou het met die kwessie, is die eigenaardige in die geskiedenis van die ontwikkeling van Afrikaans, die snelheid waarmee die proses sij loop geneem het, d. w. s. in vergelyking met die ontwikkelingsgeskiedenis van ander tale. Sommige, soos Dr. Kruisinga en C. J. van Rijn, sien in die ontwikkeling, die toestande in aanmerking geneem, niks abnormaals nie; maar geleerdes soos Dr. Hahn, Dr. te Winkel, Schuchardt, Dr. Hesseling en Dr. van Ginneken, meen dat 'n verklaring wat alleen „spontane” ontwikkelingsfaktore aanneem nie afdoende kan wees nie. Watter ander faktor of faktore moet in aanmerking geneem word? Verskillende geleerdes het hierop verskillend geantwoord.

Dr. Th. Hahn het die faktor gesoek in die invloed van die taal van die Hottentotte (*Cape Times*, 29 April en 1 Mei, 1882).

Dr. Jan te Winkel het gedink aan die invloed van die taal van die Franse Hugenote (*Vragen van den Dag* 1896). Later het hij hom, meen ek, van die standpunt terug getrek.

Die invloed van Duits is alleen terloops genoem, o. a. deur die bekende Romanist Schuchardt (*Litbl. f. germ. u. rom. Phil.*, 1885).

Op dieselfde plaas, en in sij *Kreolische Studien* IX, het Schuchardt ook 'n paar woorde oor Portugese en Maleise

invloed. Misskien na aanleiding van die opmerkinge van hierdie geleerde, het Dr. H. die teorie opgestel, eers in *De Gids* van Januarie 1897, en later in *Het Afrikaansch* (Leiden 1899), dat Maleis-Portugees die belangrikste faktor was in die ontwikkelingsproses waardeur Nederlands Afrikaans geword het. Sij teorie het teenspraak gevind eers van die kant van Dr. Heinrich Meyer-Benfey in *Die Sprache der Buren* (Göttingen 1901) en in *Die Burensprache und ihre Literatur* (Preuss. Jahrbücher 1904), en later van die kant van Mnr. C. J. van Rijn in *Het nauwe Verband tussen het Afrikaans en het Hollands*, ens. (Kaapstad 1914). Ondersteuning het die teorie gevind in 'n proefskrif van Dr. P. J. du Toit (*Afrikaansche Studies*, Gent 1905). In Nederland skijn die teorie van Dr. Hesselning vandaag algemeen aangeneem te word; Dr. van Ginneken (*Handboek der Ndl. Taal*, I. Cap. 7) en Dr. C. G. N. de Vooy's (*Hist. Schets der Ndl. Lettk.* 6de druk, p. 178) neem in hoofsaak die Maleis-Portugees teorie van Dr. H. aan.

Die Maleis-Portugees teorie van die ontwikkeling van Afrikaans berus m. i. op sterker gronde as die ander teorieë, maar oortuigend is dit nie, en die voorliggende werk het ten doel om enige besware daarteen aan te voer, en so moontlik iets in die plaas te stel wat èn tegemoet kom aan die besware, èn die feite van Dr. H. se ondersoek op aanneemlike manier verklaar.

Wat is die feite waarop die Maleis-Portugees teorie berus, en watter konklusies trek Dr. H. daaruit?

In bowegenoemde Gidsartikel sê Dr. H.: „Het is inderdaad zonder voorbeeld dat de taal eener kolonie in betrekkelijk zoo korten tijd in die mate afwijkt van de taalvormen der moedertaal als dat het geval is geweest met het Afrikaansch” (p. 138). Hier kan, sê hij verder, geen sprake wees van spontane ontwikkeling van enige Nederlandse dialek nie, en ons moet dink aan die invloed van een of ander vreemde taal. Kan dit Frans gewees het, soos Mnr. C. Stoffel in *Volksalmanak der Maatsch. tot Nut v. h. Algemeen* 1882 en Prof. te Winkel in *Vragen v. d. Dag* 1896, gemeen het? Die argumente van Prof. te Winkel word dan een vir een nagegaan, en na dit mij voorkom, so weêrlê, dat met Frans as *direk* inwerkende faktor voortaan nie ernstig rekening hoef gehou te word nie. Wat invloed van Duits en Engels betref: „de Deutsche en de Engelsche taal hebben, behalve in onze eeuw (die 19de) evenmin invloed van eenige beteekenis gehad op de vorming der Afrikaansche taal”, sê Dr. Hesseling kortweg. Van Hottentotse kant sou mens invloed kon verwag het, as dit nie was dat die Hottentotte self al vroeg die taal van die Hollanders oorgeneem het nie, terwijl die Hollanders geen moeite gedoen het om die taal van die inboorlinge te leer nie. Invloed van Bantoe tale word nie in aanmerking geneem nie. Dan blij daar oor die taal van die slawe en die handelstaal, in sover as die 'n vreemde taal was. Die taal noem Dr. H. Maleis-Portugees. Die argumente ten gunste hiervan ontleen ons aan *Het Afrikaansch*. Die geskrif is 'n uitbreiding van die Gidsartikel, en 'n bespreking van die teorie van Prof. H. moet sig dan ook hieraan vasknoop.

Voordat hij hierin die invloed van Maleis-Portugees kom te bespreek, wei Dr. H. 'n oomblik uit oor die toestand aan die Kaap in die 17<sup>de</sup> eeuw, en wijs daarop dat die Kaap 'n tussenstation was op die weg na Indië, en dan ook gereken werd as die „frontier fortress of India”. Daarna kom hij tot die taal en wijs op die snelle verving van Afrikaans, met die verstandige en noodsaaklike opmerking egter „bij 't verklaren van eigenaardigheden van 't Afrikaansch, er ons voor te wachten dat we aan invloed van elders toeschrijven wat wij reeds in onze vaderlandsche taal van dien tijd aantreffen” (p. 8).

Dat dit volstrek onmoontlik is om bij Afrikaans aan die spontane ontwikkeling van 'n Nederlandse dialek te dink, meen Dr. H. te kan bewijs uit 'n paar manifeste van die jaar 1739, dus 87 jaar na die stigting van die Kaapkolonie. Die manifeste is opgestel deur 'n Fransman, Barbier, met behulp van 'n „burger” Pletsholt. Dat Afrikaans dan ook 'n „mengeltaal” is (ek neem die woord van Dr. H. oor) staat bij die skrywer vas (p. 15—16). Behalwe 'n onvolledige aanhaling uit wat Windisch (*Ber. d. königl. Sächs. Gesells. d. Wissensch.*, phil. hist. Cl., 1897, p. 118), bedoel het as 'n omskrywing van 'n mengeltaal, gee Dr. H. self aan die hand wat hij verstaan onder 'n mengeltaal: „Alleen wanneer een groot deel van het volk [een] vreemde taal gaat spreken, en dat niet slechts somtijds doet, gelijk wij Fransch, Duitsch of Engelsch, maar haar opneemt in het dagelijksch gebruik, ontstaat een mengeltaal”. Dr. H. skipper dus nie met sijn definisie om dit sig self later gemaklik te maak nie. Ons weet nou presies wat hij moet aanvoer om te bewijs dat Afrikaans 'n mengeltaal is, nl.,

soos hij self sê (p. 18): „van welk volk de Nederlanders . . . de taal zijn gaan spreken”. (Die spasiëring is van hom).

Kortelik word eers die moontlike invloed van Hottentots, Frans en Duits bespreek. Natuurlik word toegegee dat Frans en Duits deur Koloniste gespreek is, en aangetoon dat die Koloniste ook Hottentots geken het, maar alleen in enkele alleenstaande gevalle, nooit „in grooten getale”, en nooit vir ’n lang tyd nie, sê Dr. H. In al die gevalle het spoedig oername van Nederlands, oftewel Afrikaans, deur die anderssprekende plaasgevind, en dit so snel en so vroeg, dat die tale geen noemenswaarde invloed op die vorming van Afrikaans kon gehad het nie, soos uit Afrikaans self dan ook moet blyk. In hoe ver nou staan sake anders met betrekking tot Maleis-Portugees? Om hierop te antwoord moet die geskiedenis en die taal self ondersoek word. Dr. H. se argumente kan dan ook in geskiedkundige en taalkundige verdeel word. Op bladsij 33 begin die uiteensetting van die historiese argumente waarop die Maleis-Portugees teorie berus.

Onder die seevaarders in die Indiese Archipel het daar sig gedurende die 16<sup>de</sup> eeu ’n taal ontwikkel, die s.g. Maleis-Portugees, waarvan Portugees die belangrikste element was, maar wat ook baie Maleise en Nederlandse woorde bevat het, ’n soort van internasionale verkeerstaal. Schuchardt, die bekende autoriteit op die gebied van kreools-Romaans, het in een van sij studies (*Zs. f. rom. Phil.*, XIII, p. 506) met betrekking tot die Kaap die volgende opmerking: „Das Kreolische welches, freilich nur in beschränktem Umfang, einst am Kap gesprochen wurde, gehörte wohl mehr zum Indoportugiesischen als zum

Negerportugiesischen". Behalwe Hottentotte was daar aan die Kaap veral Maleiers, sê hij; maar Portugese onderwysers was daar nie nodig nie omdat al die slawe Hollands moes leer, of ten minste daartoe aangespoor geword het. „Die Verhältnisse seien von denen der indischen Seestädte verschieden, wo übrigens auch viele Engländer mit ihren Sklaven nur Englisch redeten". Maar Schuchardt gaat vir Dr. H. nie ver genoeg nie. Hij sal nou aantoon, dat gedurende die eerste vijftig jaar van die bestaan van die Kolonie Maleis-Portugees daar „zeer algemeen verspreid" was.

Onder die verskillende kreools-Portugese dialekte het daar ook 'n Maleis-Portugese dialek bestaan, waaroor Schuchardt 'n studie gemaak het, nl. die *Kreolische Studien IX*, boo aangehaal. As Kolbe (*Caput Bonae Spei Hodiernum*, p. 60) praat van: „de Portugeesche taal nevens de Maleische . . . . als welke beide talen niet alleen hier maar in gantsch Oost-Indië, ten minsten gelijk jegenswoordig de Fransche in Deutschland gesproken worden", dan bedoel hij daarmee niks anders as Maleis-Portugees nie, sê Dr. H.

Misskien is dit hier die plek om te wijs op die groot moeilikheid in verband met die ondersoek na die oorsprong en ontwikkeling van Afrikaans, naamlik die gebrek aan bronne uit die 17<sup>de</sup> en 18<sup>de</sup> eeuwe. Die offisiële taal was altijd Nederlands. Uit regeringstukke val daar dus so goed as niks te put nie. Literatuur in Afrikaans van vóór die tweede helfte van die 19<sup>de</sup> eeuw bestaan daar ook nie. Sowat die enigste bronne waaruit iets te putte val is beskrywinge en reisverhale soos die van Kolbe, Sparrman en Le Vaillant, en daarin word nie veel aandag aan die

taal van die blanke inwoners van die Kaap gegee nie. Kolbe is die enigste wat die taal meer dan terloops aanroer. Van 1705 tot 1713 was Kolbe aan die Kaap, en as ons uit sijn werk betrouwbare en enigszins volledige opmerkinge oor die taaltoestande aan die Kaap kon gekrij het, dan sou die van groot waarde vir ons ondersoek gewees het, want die tijd waarin Kolbe aan die Kaap was, moet net die tijd gewees het waarin die Afrikaanse taal gebore is. Maar ongelukkig laat Kolbe hom uiters beknop en onduidelik uit oor die taal, en wat nog ongelukkiger is, Kolbe is nie altoos betroubaar nie. Theal, die beste autoriteit oor sulke sake, noem hom: „too indolent or too conceited for patient research, too credulous in believing idle tales, too unscrupulous to abstain from writing fancies and terming them facts . . . . To those who can compare his writings with the official records of the time, they are unquestionably of very great value, but others should be careful not to rely too much upon them” (*Hist. of S. A. I.* p. 393). Sparrman het telkens en telkens weer geleentheid om Kolbe te berisp oor onnouwkeurighede op die gebied van die natuurlike historie. Die bladwijser op die *Reize* van Sparrman bevat selfs ’n hoof: „Berispingen van Kolbe”! Le Vaillant laat hom nog ongunstiger uit oor die werk van sijn voorganger. So praat hij oor die „droomerijen van Kolbe”, en noem hom die „stilzittende reiziger”. Sijn gegewens berus, volgens Le Vaillant, meestal op die praatjies van kroegvriende en likkebroers (Deel I, p. 93—95). Maar dit lijk of ons Fransman ’n bietjie jaloers was op Kolbe. Op p. 254, Deel II, sê hij: „In Europa is hij een groot man, die Kolbe”!

Ongelukkig kan ons Kolbe hier nie kontroleer nie, daar hij vir die tijd ons enigste autoriteit is op die gebied van die taaltoestande. Dit is jammer dat Dr. H. hom aanhaal sonder enige waarskuwing dat sij segsman se uitlatinge dikwels met 'n handvol sout moet geneem word.

Maar laat ons aanneem dat Kolbe hier die waarheid praat, want selfs as „stilzittende reiziger”, soos Le Vailant hom noem, is hij hier in staat om uit eie obserwasie te put. Sij drie paragrawe oor die taal haal ek om verskillende redes volledig aan uit die oorspronklike Duitse uitgawe van sij werk (*Caput Bonae Spei Hodiernum*, p. 60—61): „Auf diese Condition also wisse Er, mein Herr, dass hier allerley Mund-Arten und Nationen anzutreffen seyn, wenn auch gleich der Hottentotten nicht einmal gedacht wird. Denn mann findet Holländer oder generalliter Niederländer, Hochteutsche, und aus denselben Preussen, Pommern, Brandenburger, Sachsen, Francken, Schwaben, Westphäliger und Schweitzer; ferner Schweden, Dänen, Pohlen, Portugiesen, Frantzosen, Savoyer, Italiäner, Engländer, Hungarn und andere; welche, wenn man sie zugleich und einen jeden absonderlich in seiner Sprache reden hörte, auch etwan noch die Slaven, die vielerley Sprachen reden, als die Malayen, Malabaren, Ceylonesen, Javanen, Banjanen, Amboinesen, Bandanesen, Boekier, Chinesen, Madagascaren, Angoler, Guinäer, Capo-verder etc. darzu zehlte, dürffte es gewiss nicht anders lauten, als ob man die Verwirrung der Sprachen bey dem Babylonischen Thurme aufs neue vorstellig machen wolte.

Doch kann jeder Europäer mit seiner eigenen Sprache genugsam zurecht kommen; und wenn es ja fehlen solte,



so wird man leicht die eine oder die andere, sonderlich aber die Holländische, oder, welches fast noch besser, die Portugiesische, nebst der Maleyschen erlernen können: als welche beyde Sprachen nicht nur hier, sondern fast in gantz Ost-Indien gemeinlich, wenigstens wie etwa gegenwärtig in Teutschland die Frantzösische geredet werden. Die Portugiesische zwar haben die Portugiesen, als erste Erfinder von Ost-Indien, so weit unter ihnen fortgepflanzt, dass viele grosse Städte, als Batavia, Columbo auf Ceylon, und andere mehr gefunden werden, welche sich derselben insgemein bedienen, auch besondere Prediger unterhalten, die denen Europäern, zumal aber denen Slaven, die solche meistentheils reden, das göttliche Wort darinnen vortragen müssen: die Maleyische hingegen, welche zierlich und nett ist, gehet daselbst in solchen Flor als bei uns die Lateinische; gleichwohl kann man mit und durch dieselbe fast gantz Indien durchreisen, wie denn auf Befehl der Illustren Ost-Indischen Compagnie, zu Batavia ein ordentlicher Prediger anzutreffen, der auch in dieser Sprache den Gottesdienst verrichtet, Kinder tauffet, copuliret, und sonst alles tuht was bey dem Predig-Ampt zu geschehen pfeget.

Hierum nun darf sich ein Fremder, wegen der Sprachen Vielheit den Kopff nicht zerbrechen, sondern er kann gar leicht zu recht kommen, vornemlich so er sich auf die eine oder die andere absonderlich legen, und dieselbe aus dem Fundament erlernen will. Mir hat anfangs die Holländische beliebt, theils weil sonst die Predigten nicht wohl verstehen konte; theils auch weil mir die Angenehmheit derselben, nebst der Wörter Vielheit und deutlichen Pronunciation sehr wohl gefiel. Nachgehends habe zwar

in dem Portugiesischen einige Wörter begriffen, krafft deren das Benöthigte fordern könnte, und mich keines Betrugs von denen Slaven zu besorgen hätte; alleine ich hielte vor weit nöthiger, mich in der Hottentottischen ein wenig umzusehen, obgleich sehr wohl wuste, dass dieselbe nicht vollkommen, und wegen grosser Veränderung der Schläge, welche mit der Zunge gegen dem Gaumen, und die vordere Zähnen des Mundes müssen gemacht werden, aus dem Fundament nicht würde erlernen können".

Onder „die Portugiesische nebst der Maleyschen Sprache" verstaan Dr. H. dat Kolbe bedoel Maleis-Portugees. Dat nog Maleis, nog Portugees aan die Kaap suiwer gespreek is, gee ons graag toe, maar dat Kolbe daarmee één taal bedoel het, 'n mengsel van Maleis en Portugees, is tog seker onjuis. Kolbe spreek immers duidelik van „beyde Sprachen", en dan gaan hij selfs voort om die Portugees van Oost-Indië te kontrasteer met Maleis, — al moet ons toegee dat Kolbe hier weer praat oor sake wat hij alleen van hore sê ken.

Dat Maleis en Portugees nog later aan die Kaap gepraat is, maar as aparte tale, sien ons ook uit Sparrman. Op bladsij 27 praat Sparrman van „Maleitsch en een zeer verbasterd Portugeesch"; op bladsij 66 beraadslaag enige slawe „in de Portugeesche taal"; op bladsij 67 twis die huisslaaf en die veewagter „in de Portugeesche taal"; op bladsij 264 leer die kinders van hulle minnemoers en Hottentotse ajas Maleis en Hottentots; op bladsij 339 weier bediendes om „in 't Hollandsch of Portugeesch" te antwoord. Hierbij is dit van belang om op te merk dat Sparrman aan die Kaap was tussen 1772 en 1776, dus

heel wat later dan Kolbe, en later dan die tijd waarin Dr. H. die oorgang van Nederlands tot Afrikaans stel (*Het Afr.* p. 70). Later, as ons die geskiedenis van die slawe aan die Kaap nader behandel, sal ons sien dat die aantal slawe afkomstig uit Indië, betreklik gering moet gewees het in die loop van die 17<sup>de</sup> eeuw. Tot omstreeks 1700 was die slawe aan die Kaap bijna uitsluitend afkomstig van Afrika en Madagascar.

En watter rede sou daar bestaan het waarom die Afrikaanse negers Maleis-Portugees sou gepraat het? Ewe goed as daar 'n Maleis-Portugees bestaan het, het daar ook 'n Neger-Portugees bestaan (vgl. Schuchardt, *Zs. f. rom. Phil.* XII, p. 242; XIII, p. 463), en ook 'n Indo-Portugees in die engerê betekenis van die term, d. w. s. 'n mengeltaal bestaande uit elemente van Portugees en elemente van tale uit Voor-Indië (Schuchardt, *Zs. f. rom. Phil.* XIII, p. 476). Dit lê nou tog voor die hand dat die Afrikaanse slawe Neger-Portugees, en die Ceylonse Indo-Portugees sou gepraat het, in so ver as hulle dan 'n kreools-Portugese taal gepraat het. En hoe omtrent die slawe van Madagascar, wat waarskynlik die meerderheid van die slawe aan die Kaap uitgemaak het? Uit werke oor die taal van Madagascar blyk nêrens dat Portugees daar ooit wortel gevat het nie. (Vgl. ook *Het Afr.* p. 44, noot).

Die moontlikheid dat al die slawe van verskillende herkoms aan die Kaap Maleis-Portugees sou aangeleer het lijk mij al heel gering. Die Oost-Indiese Kompanjie het van die begin af maatreëls geneem om die uitbreiding van Portugees, waarvan in Indië ondervinding opgedoen was, in Suid-Afrika teen te gaan. In 1658 reeds, *toe daar*

nog maar net *Angoolse slawe in Suid-Afrika was*, dekreet van Goens: „de Portugeese taal mogen slaven niet spreken, nog onder malcander nog tegens vremde of nederlanders”. Dit was klaarblyklik 'n voorsorgsmaatregel. Van Goens wou voorkom dat die toestand aan die Kaap dieselfde word as in Indië, waar die Kompanjie las gehad het van die oorheersing van Portugees. As die maatregel bedoel was om verandering te bring in destijds aan die Kaap bestaande toestande, dan moes die toestande geblyk het uit die uitvoerige *Dagverhaal* van Jan van Riebeeck. Behalwe in twee gevalle, waar ek later op terug kom, word met geen woord gewag gemaak van Portugeese of Maleise, laat staan Maleis-Portugeese invloed nie. Die moeite wat die Kompanjie gedoen het om die kennis van Nederlands onder die slawe te bevorder blyk uit die geskiedenis van Theal. (Vgl. register op *Schools* passim). Dr. H. behandel die saak ook vrij uitvoerig (p. 64—69). Alleen was die „talryke Portugeesch sprekende slavenbevolking” (p. 67) daar nie, in elk geval toe nog nie. Tereg lê Dr. H. nadruk op die verordening van 1685 waarbij kennis van Nederlands as eerste vereiste gestel werd om vryheid te verkry (*Het Afr.* p. 68). As 'n slaaf wat geen Maleis-Portugees ken nie, nou aan die Kaap aankom, waarom sal hij Maleis-Portugees gaan leer as hij Nederlands moet praat met sij baas? Alleen om met ander slawe Maleis-Portugees te praat? Maar die moes ook Nederlands praat!

Gesteld dat Kolbe met „die Portugiesische nebst der Maleyschen Sprache” bedoel Maleis-Portugees, dan kom die vraag op: In watter omvang is die Maleis-Portugees

aan die Kaap in gebruik gewees in die begin van die 18de eeuw? Minstens in die selfde omvang as Frans in Duitsland destijds, sê Kolbe, in die tweede paragraaf boo aangehaal; en daarmee sal Dr. H. wel nie tevrede wees nie. Ons erken graag dat Kolbe hier nie reg duidelik is nie. Mag ons uit sij woorde die gevolgtrekking maak dat mens in die tijd in Duitsland bijna beter oor die weg kon kom met Frans as met Duits? Soveel is egter wel duidelik, dat die taaltoestande aan die Kaap omstreeks 1700, 'n ware Babelse verwarring moes vertoon het, soos Kolbe dan ook sê. En dat Maleis en Portugees goed vertegenwoordig was, veral onder die slawe, moet ons uit Kolbe se woorde wel affei.

Enigsins anders word die saak waar Dr. H. sê: „De matrozen en soldaten die uit Indië terugkeerden, spraken natuurlijk dat Maleisch-Portugeesch; vele dier oorlams (oudgasten) vestigden zich aan de Kaap en brachten hun kennis, voor zoover noodig, over aan de oorspronkelijke kolonisten, die er als kleinhandelaars alle belang bij hadden zich voor zeelui van allerlei landaard verstaanbaar te maken”, (p. 40). Dit beweert Dr. H. sonder daar 'n bewijs voor bij te bring. As hij met „oorlams” bedoel uitgediende matrose en soldate, dan het ek minder beswaar teen sij „natuurlijk”. Maar selfs dan, is dit uit die geskiedenis aan te toon, of anders waarskijnlik te maak, dat sulke mense wat, ek durf sê, natuurlik, haas gehad het om terug te kom in hulle vaderland, aan die Kaap sou agterblij om te wag op die retour vloot van die volgende jaar, en dit in sulke getalle dat hulle invloed op die taal aan die Kaap kon uitoefen? Daarvoor moet Dr. H. meer bewijse aanvoer.

Dat „vele” van die oorlams hulle aan die Kaap *gevestig* het, gloo ek nie, want dan sou mens in 'n werk as *De Afkomst der Boeren* van Dr. Colenbrander, daar spore van wil sien.

Of word onder matrose en soldate die gewone skeepsbemanning bedoel? Dan het ek ernstig beswaar teen die „natuurlijk” van Dr. H. Die bemanning van die skepe van die O.-I. Kompanjie was per slot van rekening nie so bont as Dr. H. dit wil voorstel nie (p. 34). Nederland was in die verste verte nie in staat om die nodige aantal matrose te lewer nie, sê hij. Uit die generale landmonsterrol van 1691 blyk, volgens Dr. Colenbrander (*Afkomst der Boeren*, p. 124) dat van die 11,333 dienaars van die O.-I. Kompanjie 'n klein 80 % Nederlanders was. „Het verhoudingsgetal neemt af hoe verder men teruggaat. De vestiging van onze Indische heerschappij is ons eigen werk geweest: de helpers van Coen en van Diemen waren voor negen tienden Nederlanders”. Wat die monsterrolle van die Kaap betref, in 1656 was 77 % van die dienaars van die Kompanjie Nederlanders, in 1716 63 %. In die 18de eeu word die verhouding anders. Dan kom die Duitsers in die meerderheid. Duitsers en Nederlanders te saam vorm in 1656 91 %, en in 1716 88 %. Die feite beantwoord partijmaal nie aan 'n mens se vermoedens nie!

En waarom sou die skeepsbemanning nou, as hulle terug kom uit Indië algar, natuurlik, Maleis-Portugees praat? Het hulle so lang in Indië vertoef dat dit van self spreek dat hulle Maleis-Portugees moes geleer het? Uit die lijs: *Verkeer van schepen in de Tafelbaai*, in *Jan van Riebeeck* van Dr. Godeé-Molsbergen, p. 254, het ek die reise van

enige skepe nagegaan. So het die „Oliphant” b.v. 24 Desember 1651 uit Nederland vertrek; 23 Februarie 1659 was sij op haar derde terugreis daarna aan die Kaap. Laat ons aanneem dat sij vier maande later in patria was. Dan het die drie reise  $7\frac{1}{2}$  jaar geduur. Ongeveer  $3\frac{1}{2}$  daarvan was sij op see. Gesteld dat die orige 4 jaar gelijk op moet verdeel word tussen die verblijf in Nederland en in Indië. Dan sou 'n matroos onder die gunstigste omstandighede drie maal gedurende ag maande in die geleentheid gewees het om Maleis-Portugees te leer, en drie maal gedurende 22 maande geleentheid gehad het om dit te vergeet. Dan neem ek aan dat 'n Nederlandse matroos, op 'n Nederlandse skip, waarvan die bemanning vir 'n 75 % uit landgenote bestaan het, nie 'n vreemde taal sou gepraat het nie, behalwe in hawens waar dit nodig was.

En watter rol het Maleis-Portugees gespeel in die lewe van 'n Nederlandse matroos in Indiese hawens? Dit is moeilik om hiervan 'n idee te krij. Ons mag aanneem dat in die 17<sup>de</sup> eeuw op elke Oost-Indiese skip een of meer persone was wat Portugees, en waarskynlik ook Maleis, geken het. Die persone sou in die reël onder die offisiere te vinde gewees het, soos natuurlik in die eerste plaas die „koopman”, en nie onder die gewone matrose nie, omdat die minder in aanraking sal gekom het met die vreemde volke. Selfs in die Indiese hawens sal die matroos tog maar bijna altoos aan boord van sij skip geblij het, terwyl dit die skipper en die koopman was wat aan land sou gegaan het om handel te drijf. So lees ons in die *Journal* van Willem Cornelisz. Schouten van: „Maleys . . . . welcke tael den Koopman Aris Klaesz. seer wel konde”. In die *Journal*

van Joris van Spilbergen is daar sprake van 'n „tolck die Portugijs koste spreken”. Op die skip van Bontekoe was daar „drie maets die wat Maleys konden, want sij hadden voor die tijdt al in Oost-Indien geweest, soo dat sij de spraek ten deele gheleert hadden”. Portugees was seker meer algemeen bekend, veral onder die offisiere. In sij joernaal gee Frank van der Does telkens die Portugeese name van sake wat hom vreemd was. Eenmaal word daar selfs 'n Portugeese naam gegee aan 'n kaap: „Deesen voorn. hoeck werd den naam gegeven van Cabo de Porcko ofte den verckens hoeck, om oorsaek dat wij alhier ver-versinge van verckens verkreeghen”. Maar dat die gewone matroos meer dan 'n paar Portugeese woorde, in hoofsaak name van in Nederland onbekende sake sou geken het, is tog nie waarskijnlik nie. Misskien kan ons die posisie van Portugees in die 17<sup>de</sup> eeuwse seemanstaal vergelijk met die posisie van Engels in die seemanstaal van vandaag, mits ons in aanmerking neem die verskil in onderwijstoestande tussen toe en nou. En die invloed van Engels vandaag, op die taal van 'n ongeletterde Nederlandse matroos, is tog seker nie van die aard dat sij eie taal daardeur 'n mengeltaal word nie.

'n Belangrijke feit waar Dr. H. nie rekening mee hou nie, is dat nog voor die vestiging aan die Kaap, die invloed van Portugees as handelstaal aan 't agteruit gaan was. Dr. de Haan (*Priangan II*, p. 772, Batavia 1911) sê daaromtrent: „Met het tanen van het Portugeesch gezag is ook de invloed van hunne taal op het Compagnies-Hollandsch merkbaar verminderd. Zonder te kunnen aangeven of het Portugeesch als lingua franca der Oostersche zeeën



sedert den val van Malakka is achteruit gegaan, en zoo ja, op welke wijze daarin dan is voorzien, valt het al spoedig op dat de basterd-Portugeesche woorden in de Compagnies-taal veel minder talrijk worden sedert ongeveer 1650, dat niet weinige van die termen, welke in de oudere stukken (zooals die bij Tiele-Heeres) worden aangetroffen, al spoedig hierna uit de geschreven taal zijn verdwenen, en dat ten slotte slechts enkele zijn overgebleven, aan welker vreemde afkomst ternauwernood meer gedacht werd".

Wat die soldate aan die Kaap betref, dat hulle die invloed van Maleis-Portugees op Afrikaans in aanmerklike mate sou versterk het, sal Dr. H. nie gouw wil beweer nie. [Dit word gesê (Dr. de Haan, *Priangan* II, p. 560) dat in Indië, bij die troepe op Java, selfs in Duits gekommandeer is!] In 1660 stuur Jan van Riebeeck 'n ekspedisie na die binnelande van Suid-Afrika, onder adelsbors Jan Danckert en onderbarbier Pieter Meerhof met elf man. Onder die dertien was daar geen een wat Portugees geken het nie, selfs nie in die vorm waarin Portugees rondom Mozambique en Monomotapa verstaanbaar was nie, want Jan van Riebeeck sê: „ende mocht wel dat eenige inwoonders aldaer de Portugeese spraecke eenigsints kosten, dat Ul. doordien Jan Danckert in Italiën gereyst heeft ende Dorhagen de latijnse tale can, veele soude te passe comen om terecht te raecken" (*Dagverhaal* III, p. 447). Van Riebeeck se stijl is swak maar sij bedoeling is duidelik, en wat hij hier sê is vir ons ondersoek van groot waarde. Hieruit lijk dit bijna of dit onmoontlik was, om uit die besetting aan die Kaap iemand te krij wat, al was dit maar *Maleis-Portugees* geken het. As daar so iemand was, dan het

van Riebeek hom nie hoof te verlaat op die bietjie Italiaans wat Danckert in Italië „opgetel”, of die Latijn wat adelsbors Dorhage hom nog herinner het nie. Of was die Maleis-Portugees sprekende soldate nie „couragieus” genoeg om deel te neem aan die ekspedisie nie? Deur hierdie mededeling van van Riebeek kom die algemene verspreidheid van Maleis-Portugees aan die Kaap mij weinig waarskynlik voor.

Dan gaan Dr. H. verder, en sê dat die „oorlams” (in Afrikaans ken ek die woord alleen as adjektief) hulle kennis van Maleis-Portugees, vir sover nodig, oorgebring het aan die oorspronklike Koloniste, wat daar alle belang bij gehad het om hulle aan seelui van allerlei landaard verstaanbaar te maak. Die vanselfsprekendheid van so 'n owerbrengring van kennis, sou mens sê, maak die aanvoering van bewijse oorbodig. Nie heeltemaal nie. Sparrman sê: „En ofschoon deze laatsten (die ingesetene van die Kaap) wanneer het op zaaken den koophandel en de winst betreffende, aankomt, anders zoo onverdrooten zijn; en de geheele bloei der volkplanting niet alleen, maar ook het voordeel der meeste inwooneren, eenig en alleen op den buitenlandschen koophandel berust, zoo leeren zij nogthans zeer zelden vreemde taalen” (p. 20). Wat vir die tijd van Sparrman geld kon ook vroeër gegeld het.

Vir geen oomblik wil ek ontken dat daar Maleis-Portugees, of liewer Maleis en Portugees aan die Kaap gespreek is nie. Bewijse, veral wat Portugees betref, is daar genoeg, — net so goed as vir Duits, Frans en Hottentots. Die kwessie is: deur wie en in watter omvang? Die bestaan van Maleise en Portugese woorde in Afrikaans is al amper

bewijs genoeg dat die tale aan die Kaap in gebruik was, maar voordat ons gloo dat Afrikaans 'n mengeltaal geword het onder invloed van die tale, moet nog meer bewijs word. Dat daar in die *Kaapse Stukke* Portugese en Indiese woorde voorkom, sou verklaar kan word sonder om die bestaan van die tale aan die Kaap aan te neem. Die ou reisverhale van vóór 1652 sit vol sulke woorde. Dr. de Haan gee bladsije van sulke woorde, alleen aan Portugees ontleen, wat ouer is dan die volksplanting aan die Kaap (*Priangan* II, p. 771 vlg.). Dat van Riebeeck die woord *hassegaay* gebruik ses dae na sijn aankoms aan die Kaap, is 'n bewijs dat die woord nie „aan de Boeren ongetwijfeld uit de taal der naturellen bekend” is nie, soos Dr. H. beweer, maar al vroeër in Nederlands bekend moes gewees het. Die oudste aanhaling in die *Ndl. Wdb.* dagteken dan ook van 1600, en die woord is glad nie aan Bantoe of Hottentots ontleen nie. Selfs al was daar aan die Kaap nooit 'n woord Maleis of Portugees gepraat nie, dan kon woorde as *basar*, of *Cabo de boa Esperance* (*Het Afr.* p. 40) nog in offisiële stukke van die tijd, en selfs in hedendaagse Afrikaans voorgekom het. Die argument van die datering van vreemde woorde in Kompanjies-Hollands sal nog meermaal teen Dr. H. kan gebruik word.

As Dr. H. kon *bewijs* dat Eva haar kennis van Portugees „moet opgedaan hebben door die taal dikwijls te hooren” (p. 42), dan was dit 'n sterk argument vir sijn teorie, maar dit kan hij nie. Dit sou dan ook al heel eigenaardig gewees het as Eva, die Hottentottin, hoe skrande sijn ook al was in tale, Portugees sou kon „opgetel” het, terwijl Dorhage, wat dan tog al 'n bietjie Latijn geken

het, geen Portugees kon praat, en geen een van sij twaalf reisgenote nie. Die aanneemlikste verklaring van haar kennis van Portugees lijk mij dan nog, dat sij op een of ander manier tog „privaatlessen in vreemde talen” moes gehad het, al was dit dan nie van die goewerneur (segge kommandeur) self nie. Die kommandeur self sal haar ook wel nie geleer lees en bid het nie, en tog lees ons: „blijvende Eva hier aen 't fort om vorder te leeren leesen ende bidden enz.” (*Dagverhaal* III, p. 2). Waarom kon die „enz.” nie ook Portugeese lesse van Mevr. van Riebeek, of die niggies van die kommandeur, of Meester Pieter van der Stael, of iemand anders ingesluit het nie? Wie weet wat 'n plesier dit was om so 'n skrandere leerlinge as Eva les te gee, selfs in luxe-vakke soos skryfkuns en Portugees!

As tolkin in Portugees sal van Riebeek Eva tog wel nie nodig gehad het nie, al was dit dan maar om die eenvoudige rede dat haar leermeester(es) dit waarskynlik beter kon doen as sij — gesteld dat dit nodig was om Portugees te vertolk, iets wat mens uit die *Dagverhaal* nie sou<sup>3</sup> opmaak nie. Of was dit so vanselfsprekend dat van Riebeek daar geen melding van gemaak het nie? Maar waarom dan maak Kommandeur Wagenaar melding van die feit, dat hij op 'n reis na Madagascar drie tolke meegee „in 't Latijn, Frans, Portugees off Engels” (*Het Afr.* p. 44). Trouwens, waarom word daar 'n tolk meegee „in 't Portugees” as Piet, Paul en Klaas die taal kon praat? Alleenstaande, uitdrukkinge van die aard bewijs niks. Hulle werp geen lig op die toestand nie, en dien soms net om 'n mens vaster te laat gloo aan 'n vooropgesette mening wat jij graag bevestig wil sien. As 'n slaaf

„niet alleen prompt de Madagascarse maar ook de Portugeese spraack” ken, dan sou die een daaruit wil aflei dat Portugees 'n algemene taal in die land was en die ander, m. i. met meer reg, dat die kennis van Portugees juis 'n uitsondering was. Die drie swart tolke van 1695 (p. 45) ken al drie Nederlands, Portugees en Maleis, en elk nog 'n paar ander Oosterse tale. Wat mag mens hieruit aflei? Misskien niks meer nie, as dat dít die drie belangrikste tale in die Oost-Indiese handelsverkeer van die tijd was. En daarvoor het ons nie bewijse nodig nie. Ons wil weet in hoever die blanke aan die Kaap Maleis-Portugees gepraat het.

En hiermee meen Dr. H. bewijs te hê dat die koloniste aan die Kaap reeds gemeensaam was met Maleis-Portugees.

Dit wil ons voorkom dat hij tot dusver bewijs het, dat ook Maleis-Portugees in gebruik was langes die kus in Indië, dat Portugees en Maleis bekend was aan die Kaap onder die slawe, en — op die autoriteit van Kolbe alleen — dat die twee tale ook in gebruik was onder die blanke. Vir sover dit die Kaap aanbetref, sou niks gemakliker wees nie, as om b.v. vir Hottentots presies dieselfde te bewijs as Dr. H. vir Maleis en Portugees bewijs het. As blanke in die 18<sup>de</sup> eeuw Hottentots kon leer (*Het Afr.* p. 26, en du Toit, *Afr. Stud.* p. 14), dan kon hulle dit in die 17<sup>de</sup> ook. Die geskiedkundige argumente ten gunste van Maleis-Portugees tot dusver aangevoer, het, op sigself beskou, waarde in sover as dit ons daardeur verstaanbaar word op watter manier Afrikaans van die kant invloed ondergaan het. Want dat Afrikaans invloed van die kant van Maleis en Portugees ondergaan het is seker. Van

die aard dat Afrikaans onder Maleise of Portugese invloed 'n mengeltaal sou geword het, was die invloed egter, na dit mij voorkom, nie.

Afgesien van die invloed van die handelstaal, is die sterk punt in die betoeg van Dr. H. die invloed van die slawetaal. Vóór ons daartoe oorgaan om die te bespreek, nog een opmerking oor die gebruik van Maleis-Portugees in die handelsverkeer aan die Kaap. Volgens Theal (*Chronicles of Cape Commanders*, sie register op *Shipping Statistics*) het daar gedurende die eerste 40 jaar van die volksplanting aan die Kaap aangekom 1303 Nederlandse skepe, 83 Engelse, 58 Franse, 25 Deense en 4 Portugese (waarvan een 'n prijs was). Nou mag ons tog seker aanneem dat in die handelsverkeer in 'n Nederlandse kolonie, met Nederlandse skepe, waarvan die bemanning vir 75 % uit Nederlanders bestaan het, die handelstaal Nederlands sou gewees het. Dan blij daar oor 170 skepe van vreemde nasionaliteit, d. w. s. gemiddeld so wat 4 skepe per jaar. (Vir die eerste 100 jaar van die volksplanting word die gemiddelde aantal vreemde skepe ongeveer 10 per jaar). Gesteld dat in alle gevalle van vreemde skepe die handelstaal Maleis-Portugees was, en dat al die vreemde skepe handel gedrijf het aan die Kaap (wat lang nie seker is nie) dan lijk dit nog nie of die noodsaaklikheid om die taal te ken so besonder groot was nie. In Indië was die toestand natuurlik anders, omdat daar Maleis-Portugees nodig was met die oog, nie so seer op die skeepsbevolking nie, as op die hawebevolking. In Oost-Indië het Maleis-Portugees reg van bestaan gehad, in Suid Afrika nie, ten minste nie as handelstaal nie.

Ek kan mij moeilik voorstel dat Maleis-Portugees in die 17<sup>de</sup> eeuw 'n groter rol gespeel het in die handelswêreld as Engels vandaag. Om enigsins 'n idee te krij van die invloed wat Engels het op die taal van die gewone matroos van vandaag, is dit goed om 'n boek te lees as *Van Af- tot Aanmonsteren* van Brusse. En hoeveel Engelse woorde daar ook in voorkom, sal niemand aan Engels soveel invloed wil toeskryf op die Hollandse seemanstaal, as Dr. H. wil toeskryf aan Maleis-Portugees op Afrikaans nie. Trouwens, uit die lijs wat Dr. H. gee van Maleis-Portugese woorde in Afrikaans doen alleen *baar, basaar, dispens, oorlams* en *tjap* dink aan terme ontleen aan die handels- en seemanstaal, en ten opsigte van Afrikaans is dit, soos ons later sal sien, waarskynlik al vijf Nederlandse woorde, d. w. s. hulle is in Afrikaans vermoedelik via Nederlands gekom.

Dr. H. se sterkste argument ten gunste van Maleis-Portugese invloed op Afrikaans is ongetwyfeld die slawetaal. Ek wil probeer aantoon dat hij ook dié invloed oorskat.

Die aantal slawe aan die Kaap vóór 1658 (10 of 12) was te gering om enige invloed op die taal te kon uitoefen (*Het Afr.* p. 46). Maar in die jaar het die toestand anders geword. Uit Angola en Guinea het twee skeeps-ladinge slawe aangekom, sodat daar eind Mei 1658, volgens van Riebeek (*Dagverhaal* II, p. 407) „over de 200 slaven” was, nadat bijna net soveel deurgestuurd was na Indië. Vir 1679 gee Theal (*Hist. of S. A.* I, p. 257) aan 191 slawe, waaronder ook nuwe aankomelinge uit Madagascar moes gewees het (vgl. *Hist. of S. A.* I, p. 252). Die blanke bevolking het in die jaar 289 bedra. In 1688 was die

verhouding van die getal blanke tot hulle slawe 612 : 310; in 1691 was die verhouding 1113 : 386. Die sifers sluit Kompanjies-dienaars en -slawe uit. Daarvoor kon ek nie gegewens vind nie. Maar die Kompanjie-slawe was, in die begin altans, ver in die meerderheid in vergelyking met die slawe wat in besit van die burgers was. Dit maak ek op uit 'n noot bij Dehérain (*Le Cap de Bonne-Espérance*, p. 210), waar vermeld word dat die slawe in besit van die Kompanjie in 1685 sowat 500 bedra het. Die sifers van van Riebeeck het betrekking op al die slawe toe aanwesig aan die Kaap. Die groot vermeerdering in die getal blanke tussen 1688 en 1691 is natuurlik toe te skryf aan die immigrasie van die Hugenote. Vrijgemaakte slawe word onder burgers geklassifiseer, lijk dit. 'n Voorwaarde van hulle vrijmaking was dat hulle Hollands moes kon praat (*Theal, Hist. of S. A. I*, p. 281). In 1716 was daar 700 vrije teen 1300 ander slawe, vermoedelik met inbegrip van Kompanjie-slawe (*Het Afr.* p. 53). In Kolbe se tyd was daar aan die Kaap ruim 600 Kompanjie-slawe, wat aardig ooreenkom met die sifer aangehaal uit Dehérain, en bewijs, wat ons trouwens ook sou verwag, dat die aantal Kompanjie-slawe op min of meer dieselfde hoogte gebly het, terwyl die aantal vrijgemaakte en burger-slawe gedurig toegeneem het. (Sie Kolbe, *Caput Bonae Spei Hodiernum*, p. 672).

Watter taal het die slawe gepraat? Dit sal wel in die eerste plaas bepaal gewees het deur hulle plaas van herkoms. Waar het die slawe aan die Kaap vandaan gekom? Dr. H. sê: „De groote meerderheid kwam uit het Oosten” (*Het Afr.* p. 53). Die kwessie is hier wat mens onder



„het Oosten” moet verstaan. As Madagascar nie beskou word as ook tot die Ooste te behoort nie (en gewoonlik word Madagascar as 'n deel van Afrika beskou), dan is die bepaling van die herkoms van die slawe, soos Dr. H. dit gee, nie juis nie. Vir die eerste 25 jaar van die volksplanting kan ons bijna volstaan met te sê, dat die slawe aan die Kaap afkomstig was uit Afrika self, hoofsaaklik van die Weskus. Vóór 1676 was daar geen belangrike aanvoer van nuwe slawe na die van 1658 nie, soos die sifers boog gegee, genoegsaam aantoon.

Uit die noot van Dr. H. op pagina 53, lijk dit of Kolbe beweer dat die meeste slawe uit die Ooste gekom het. Kolbe sê duidelik dat die 600 Kompanjie-slawe waar hij van praat, „meist alle von Madagascar gebürtig seyn, und werden wenig andere aus diesen Africanischen Königreichen und Ländern als Capo Verde, Guinea, Congo, Loanda, S. Paul, *noch weniger aber aus Asien oder Ost-Indien* gefunden werden: es wäre denn dass einer oder der andere Schiffs-Capitain, oder auch ein anderer Schiffs-Officier von Consideration, einen von dorten mit hergebracht und verkauffet hätte. (Dit is eigenaardig dat so 'n uitvoerigheid kan gepaard gaan met onbetrouwbaarheid, en dubbel jammer!) *Die Madagascarischen also sind hier die allerzahlreichsten und gemeinsten, welche durch ein expresse dahin geschicktes Schiff von den Königen der besagten Insul, insgleichen auch von andern Einwohnern erkauffet . . . .* werden” (t. a. p. p. 672. Ek kursiveer). En ons mag seker aanneem dat dieselfde geld van die burger-slawe, want die het die burgers tog maar van die Kompanjie gekoop. Hier kan ons Kolbe gelukkig vergelyk met Theal,

en dan blijk dit dat hij hier betrouwbaar is. Theal sê: „The great majority of the slaves were negroes from Madagascar or the mainland of Africa, mostly males, who had been made prisoners in war and had been sold by the chiefs of victorious tribes” (*Hist. of S. A. I*, p. 203). Later sê hij: „With Madagascar there was a regular trade in slaves” (*Hist. of S. A. II*, p. 150).

'n Moeilikheid in hierdie verband is, dat die Kaapse goewernement in 1767 aan die Raad van Indië versoek om die uitvoer van Asiatiese slawe na die Kaap te verbied (t. a. p. p. 150). Ek vermoed dat dit nie so seer was om die groot aantal wat daarvandaan gekom het nie, as om die karakter van die Indiese slawe. Die slawehandel met Madagascar het intussen voortgeduur, dus eigelike behoefte aan die Indiese slawe was daar nie, behalwe in sover as hulle geskik was vir doeleindes waarvoor die Madagascarse slawe minder geskik was, soos diens in die kombuis. Die Maleise slawe was uitstekende kokke, soos baie Indiese geregte, met hulle Indiese name, in Suid Afrika vandag nog getuig. Maar die geaardheid van die Maleiërs het hulle minder geskik gemaak as slawe. Theal sê van hulle; „when excited they were prone to commit appalling crimes” (t. a. p.). Die aanhaling wat Dr. H. gee uit die *Kaapse Stukke (Het Afr. p. 57 vlgg.)* wijs in dieselfde rigting. Die volgende aanhaling uit Sparrman los die moeilikheid heeltemaal op: „Bugunen-slaven worden van de Oost-Indische eilanden als gevangenen gehaald. De natuurlijke onbuigzaamheid dezer lieden is voorts de ware oorzaak, dat men ze aan de Kaap niet gaarn koopt, en hun invoer verboden is, ofschoon het somtijds heimlijk

geschiedt . . . . De slaaven uit andere natien als van Mozambique, Madagascar, Malabar, en andere gewesten, zijn over het algemeen genomen . . . . niet zoo gevaarlijk als de Buguneezen. En even daarom worden zij . . . . veel menigvuldiger onder het juk der slavernij gebracht (p. 783). Volkome in ooreenstemming hiermee is wat Le Vaillant sê, o. a.: „Men ziet er ook Maleyers die én de snedigste én de gevaarlijkste der slaaven zijn” (Deel I, p. 86).

Dehérain gee die volgende oorsigtelike opsomming van die aantal slawe in besit van die burgers aan die Kaap: in 1658 was daar 89, mans, vrouwens en kinders; in 1687 was daar 274; 470 in 1697; 892 in 1705, en 1147 in 1708, (*Le Cap de Bonne-Espérance*, p. 211). Soos booo aangemaal was daar in 1685 sowat 500 Kompanjie-slawe, en in die tijd van Kolbe, dus 'n 25 jaar later, ongeveer 600.

Met betrekking tot die herkoms van die slawe gee Dehérain (t. a. p. p. 202, 206) die volgende aanduidinge: Tot 1698 is uit die Ooste 193 slawe aangevoer, waarvan 154 uit Ceylon; tot 1699 is uit Madagascar aangevoer 481; tot 1715 word die getal van die slawe afkomstig van Madagascar alleen 1194. Tussen 1698 en 1715 vermeld hij geen aanvoer van slawe uit die Ooste nie. Van die Asiatiese slawe sê hij: „Généralement ces esclaves appartenaient à la Compagnie des Indes. Mais parfois de simples particuliers, qui retournaient de l'Inde dans les Pays-Bas, étaient autorisés à emmener un ou plusieurs esclaves et à s'en défaire à leur profit, pendant l'escale du Cap” (t. a. p. p. 202).

Ek meen dat ek hiermee bewijs het dat die meerderheid

van die slawe, aanwesig aan die Kaap omstreeks 1700, nie uit die Ooste afkomstig was nie, en, volgens die sifers van Dehérain, dat die meeste van die slawe afkomstig uit die Ooste, vermoedelik nie Maleis-Portugees maar Indo-Portugees gepraat het, aangesien die meeste afkomstig was van Ceylon, en waarskynlik ook baje van Malabar, terwijl dit duidelik is dat die slawe afkomstig uit Afrika, algar onbekend moes gewees het met Portugees in watter vorm dan ook, behalwe miskien in sover as hulle afkomstig was van die kusstreke van die vasteland van Afrika self, waar hulle miskien in aanraking kom gekom het met een of ander vorm van Neger-Portugees. Die meerderheid sal wel uitsluitend Malegassies geken het.

Met betrekking tot die slawe van die Goudkus sê Dr. H., op die autoriteit van Schuchardt, dat hulle ook vertrouwd was met 'n soort gebroke Portugees (*Het Afr.* p. 53, noot). Die moontlikheid bestaan, maar meer kan ons nie sê nie. Schuchardt het aangetoon dat sig 'n Neger-Portugees ontwikkel het op die Afrikaanse Weskus, maar dan ook veral, of uitsluitend aan die kús. Johnson, een van Schuchardt se autoriteite, sê: „This Portuguese intermixture is much greater at São Salvador and on the coast, and diminishes as we advance into the interior” (*The River Congo*, p. 401, — ek haal aan volgens die sitaat bij Schuchardt, *Zs. f. rom. Phil.* XII, p. 244 vlgg.). As ons in aanmerking neem die manier waarop, volgens Theal (boo aangehaal) die slawe gewoonlik verkrij is, naamlik as krigsgevangene, dan sal mens geneig wees om te dink dat die meeste uit die binnelande afkomstig was.

In elk geval staat soveel, dunk mij, vas, dat die meer-

derheid van die slawe, naamlik die afkomstig uit Madagascar, 'n taal gepraat het waarvan Portugees geen bestanddeel uitgemaak het nie, en wat alleen ver verwant is met Maleis.

Die gevaar om feite wat anders kan of moet verklaar word, aan 'n vooropgesette teorie aan te pas, is een waaraan selfs die eerlikste ondersoeker nie altoos ontsnap nie, en dit kom mij voor dat Dr. H., heeltemaal ter goeder trouw, 'n verkeerde voorstelling gee van Kolbe se bedoeling, waar Dr. H. sê dat hij *ten duidelikste* getuig, dat al die slawe Portugees gepraat het (*Het Afr.* p. 54). Wegens die belang daarvan haal ek die passage volledig aan. Kolbe sê van die slawe: „Ihr Vaterland ist meistentheils Afrika, so gut als der Hottentotten ihres, nur dass die Geburtsländer ein wenig weit von einander entlegen seyn. Denn die meisten kommen wohl von Madagascar, einer grossen Africanischen Insul, gegen Mosambique über gelegen. Doch giebt es auch andere, so von Capo Verde, Loanda, S. Paul, Vita, Congo, und anderen Africanischen Königreichen und Ländern hieher gebracht werden.

Noch andere findet man, so aus Asia und dessen unterschiedlichen Königreichen hieher gebracht werden: als da sind Javanen, Ceylonesen, Amboinesen, Bandanesen, Ternatanen, Bengaler, Baljers, und noch viele andere mehr. Allein, weil deren theils nicht so viel als der Africaner; theils auch nicht von einerley Sprache und Vaterland als diese: so wird deren auch nicht absonderlich gedacht, noch viel auf sie gegeben, unerachtet etliche Nationes, als die Macassaren und Javanen darunter sind, die sehr tückisch, und einem gar leicht eines versetzen, wenn man sie nicht

in Obacht nimmt. Unerachtet ich gesagt, dass sie nicht einerley Sprache führen, so muss ich doch die Portugiesische absonderlich ausnehmen, weil fast alle, sie mögen herkommen wo sie wollen, dieselbe verstehen und reden, wenigstens in kurzer Zeit von einander erlernen" (*Caput Bonae Spei Hodiernum*, p. 569).

Nou meen ek dat die eerste paragraaf uitsluitend betrekking het op die Afrikaanse, die tweede uitsluitend op die Asiatiese slawe, en dat dus alleen van die laaste geld dat hulle almaal Portugees verstaan en gepraat, of ten minste van mekaar geleer het. Dr. H. meen dat dit ook slaan op die Afrikaanse slawe, en as ons die gewone uitvoerigheid van Kolbe in aanmerking neem, dan is so 'n opvatting misskien nie ongewettig nie. Die opvatting van Dr. H. sou dan ook geregvaardig gewees het, as die waarskynlikheid nie daarteen gepleit het nie. In elk geval blij mij opvatting 'n moontlike (wat Dr. H. nie gesien het nie), en m. i. die enig juiste verklaring. Verder wens ek op te merk dat hier alleen sprake is van Portugees, nie van Maleis of Maleis-Portugees nie. En as ons aanneem dat dit alleen slaan op die slawe uit die Ooste, dan word dit te begripliker, omdat Kolbe ook praat van „Ceylonesen" en „Bengaler", wat vermoedelik nie Maleis geken het nie.

Presies dieselfde is die geval met die volgende aanhaling van Dr. H. uit Kolbe (*Het Afr.* p. 54—55). Kolbe sê dat die ajas „dem Kinde ihre Mutter-Sprache, oder wenigstens die Portugiesische, welche durch gantz Ost-Indien gemein ist, und als eine Haupt-Sprache in diesen Ländern zu consideriren ist, mit der Mutter-Milch gleichsam einflösen können" (p. 721). Met „in diesen Ländern" bedoel

Kolbe m. i. Oost-Indië. Dr. H. spaseer die woorde, as of hulle op Suid-Afrika slaan. Die opvatting is ook weer moontlik, maar na dit mij voorkom, onwaarskynlik. 'n Opper-vlakkige ondersoek het geen voorbeelde opgelewer waar Kolbe „Länder”, in die meervoud, gebruik waar hij die Kaap bedoel nie, wel meermale waar hij Oost-Indië bedoel. Hoe dit ook sij, dat Dr. H. die woorde spaseer toon aan dat hij nie aan 'n tweede moontlikheid gedink het nie, op hierdie plaas ten minste, nie krities genoeg teenoor sij onderwerp gestaan het nie.

Die feit dat wit kinders die taal van die slawe geleer het, lê voor die hand. In sommige dele van Suid-Afrika leer blank kinders vandaag nog in massa die taal van die Kaffer-bediendes — sonder dat dit merkbare invloed op hulle Afrikaans het. Hier kom ek later op terug.

Uit 'n paar voorbeelde (wat uit Sparrman kan vermeerder word) waar slawe gebroke Portugees praat, maak Dr. H. die gevolgtrekking: „Het Portugees werd voor de slaven van verschillenden landaard de taal waarvan zij zich uitsluitend bedienden, zoo zelfs dat ze hun moedertaal er door vergaten” (*Het Afr.* p. 56), die laaste met die oog daarop dat twee van die uitroepe kom van slawe wat „in articulo mortis” verkeer. Die gevolgtrekking gaat mij 'n bietjie te ver. Ek sou daar alleen uit durf konkludeer dat *sommige* slawe, waarskynlik van Asiatiese herkoms, 'n gebroke Portugees tot hulle spreektaal gemaak het, so selfs dat hulle op die punt van die dood daar nog gebruik van gemaak het. Dieselfde slawe het bes moontlik met hulle base gebroke Nederlands gepraat. Dit sou in die eerste plek daarvan afgehang het, hoe lang hulle al in

Suid-Afrika was. Om te sê dat „de” slaven van verskillende landaard hulle „uitsluitend” van Portugees bedien het, is te veel gesê. En om te sê dat sulke gesegdes „het bewijs (gekursiveer) leveren dat de slaventaal het Maleis-Portugees was”, selfs as daar geen nadruk op „de” gelê word nie, is ook sterk. In al die voorbeelde wat Dr. H. gee kom daar geen enkele Maleise woord voor nie. Dat sommige vorme van die gebroke Portugees ooreenstem met vorme in Maleis-Portugees bewijs natuurlik nog nie, dat ons hier werklik met Maleis-Portugees te doen het nie. Sommige vorme in die Neger-Hollands van die Deense Antille stem presies ooreen met die vorme in Afrikaans. Maar daarom sal Dr. H. vermoedelik nog nie ooreenstem met Dr. van Ginneken, wat dit verklaar deur aan te neem, dat „een rechtstreeksche invloed van het Afrikaansch op 't Neger-Hollandsch door importatie van slaven niet onwaarskynlik is” (*Handboek der Ndl. Taal*, Deel I, p. 239). Die aangehaalde gesegdes kan net so goed Indo-Portugees of Neger-Portugees wees. Ons weet van die tale te min om die een of die ander te bewijs. In twee gevalle word gesê dat die spreker van Malabar afkomstig is, wat nou nie juis pleit vir *Maleis-Portugees* nie, terwyl dit mij vermoede versterk, en met Kolbe sou ooreenkom, dat die Portugees sprekende slawe uit die Ooste afkomstig was.

Wat Dr. H. aangevoer het betreffende Maleis-Portugees as hawe- en seemanstaal aan die Kaap het ons nie oortuig nie. Vir ons behoef dit dus nog wel betoog (*Het Afr.* p. 60) dat die Koloniste gemaklik die Portugees van die slawe verstaan het. Uit die aard van die saak, soos ons die verstaan, vloei dit nie voort nie. Want dat die slawe



nie spoedig hulle eie taal verlear het nie, moet Dr. H. nog eers bewijs. Die dood van die skurke waar Kolbe en die *Kaapse Stukke* dit oor het, kan immers spoedig op hulle aankoms aan die Kaap gevolg het. En die karakter van die betrokke individue in aanmerking geneem, sou dit ons verbaas as dit anders was!

Watter rede bestaan daar om aan te neem, dat die Neger van die Weskus van Afrika en die Malegasse van Madagascar, die taal van die slawe van die Ooste sou aangeneem het? Die slawe, sê Dr. H., het behalwe hulle Portugees ook Hollands verstaan, omdat uit die *Prosesstukke* nêrens blyk dat daar in sulke gevalle tolke nodig was nie, terwyl dit in ander gevalle wel vermeld word. Ons het boos gesien watter moeite die Kompanjie gedoen het om Hollands onder die slawe in te voer. 'n Neger van die Weskus, of 'n Malegas van Madagascar, sou Maleis-Portugees moes geleer het alleen om met die Oosterse slawe, wat die minderheid uitgemaak het, te kan praat. Maar gesteld nog dat so iets dinkbaar was, dan sou dit in die geval heeltemaal onnodig gewees het, want die Oosterse slawe self het Hollands geken na hulle 'n tjdlang in Suid-Afrika was. Waarom sou die Neger en die Malegas nou 'n tweede vreemde taal gaan aanleer, terwille van mense wat self die eerste vreemde taal (Hollands) moes leer? Ek hou dit, daarvoor dat die Koloniste wat Portugees gepraat het net so goed uitsonderinge was, as die slawe wat geen Hollands geken het nie. Dit is 'n bietjie eigenaardig dat die slawe wat 'n paar bladsije vroeër „uitsluitend” Portugees gebruik het, nou ook Hollands verstaan! Of berus die verklaring op die onderskeid

tussen praat en verstaan? Maar as die slawe Hollands, al was dit dan maar net *verstaan*, het waarom sou hulle base met hulle Portugees gepraat het? Hier kom ons tot die crux van die hele saak.

Om te bewijs dat Afrikaans 'n mengeltaal geword het onder Maleis-Portugese invloed, moet Dr. H., volgens sijn eie definisie van 'n mengeltaal, aantoon dat die Koloniste aan die Kaap nie alleen Maleis-Portugees verstaan het nie, maar ook gepraat; dat hulle dit gedoen het „in grooten getale”, „en dat niet slechts soms maar in het dagelijksch gebruik”.

En hoe bewijs hij dit?

Hij sê: „Het zeer waarschijnlijke van die stelling zal wel niemand ontkennen die het tot hiertoe aangevoerde heeft gelezen, en met mij gelooft dat alleen een taal waarin zoo wel slaaf als heer spreekt zoó lang blijft bestaan” (p. 62). Tot nog toe is Dr. H. daar m.i. nie in geslaag om aan te toon dat Maleis-Portugees so gebruiklik was aan die Kaap nie dat die Koloniste in groot getalle, nie net af en toe daar gebruik van gemaak het nie, maar daaglik die taal gebruik het. Die stelling kom mij selfs, ondanks alles wat Dr. H. so ver aangevoer het, weinig waarskijnlik voor. Enkele gevalle van Koloniste wat die taal gepraat het sê natuurlik niks. Koloniste het ook Hottentots, Duits en Frans gepraat. Dr. H. vermeld één voorbeeld van 'n vrouw wat Maleis-Portugees, of liever gebroke Portugees praat. Dit is gemakliker om gevalle te noem van blanke wat Hottentots gepraat het. Uit een van die sitate uit Kolbe het ons gesien dat hij Hottentots geleer het. Dr. du Toit gee 'n half dosijn gevalle van

mense wat Hottentots kon praat (*Afr. Stud.* p. 12—16). Maar ek erken direk dat sulke gevalle niks bewijs vir Hottentotse invloed op Afrikaans nie. Aan Hottentotse invloed op die vorming van Afrikaans gloo Dr. H. dan ook nie. Hij moet dus vir Maleis-Portugees veel meer argumente en voorbeelde aanvoer dan bij te bring is vir Hottentots. Ek gloo dat die twee tale vrijwel op dieselfde voet staan. Dr. du Toit (p. 16) gee die volgende aanhaling uit Sparrman: „Farther up the country, where they have no other servants than Hottentots, the children of the Christians frequently learn the Hottentot language more easily, and before they do the Dutch. The same thing happens with regard to the Malay tongue in those places, where they make use of slaves, and especially of nurses, of the nation.” Vir Duits en Frans hoef ons nie na voorbeelde te soek nie. Die Hugenote en die groot persentasie Duitsers onder die Koloniste is daar bewijs genoeg voor.

Alleen 'n taal wat én heer én slaaf praat, sê Dr. H., kan só lang blij bestaan. Hoe lang? Het Dr. H. dan bewijs dat 'n slaaf wat al enige tijd in die land was nog Maleis-Portugees gepraat het? En dit sou nog nie genoeg wees nie. Dr. H. sou ook moet bewijs dat 'n baas Maleis-Portugees gepraat het met 'n slaaf wat al lang in die land was. Die geval waar 'n vrouw met haar slaaf krom Portugees praat (weer geen *Maleis-Portugees* nie) bewijs niks. Hoe lang was die slaaf al in die land? Was die vrouw 'n blanke of 'n vrijgemaakte slavin? (Dat sij met die vreemdelinge Hollands gepraat het, kon mens ook van 'n vrijgemaakte slavin verwag). Die eerste moeilikheid sien Dr. H. ook in. Hij sê: „Nu mag men natuurlijk niet

uit zulk een toevallig bewaard gezegde afleiden, dat de Kolonisten *altijd* tot hun slaven Portugeesch spraken; veeleer moet men aannemen dat zij dat alleen deden wanneer hun slaven nog slechts kort bij hen aan huis waren, en 't Hollandsch nog niet voldoende verstonden. Doch 't is duidelijk dat bij den voortdurenden aanvoer van slaven, nog al vaak een burger zulk een nieuweling in zijn dienst kreeg . . . . en derhalve ook in zijn eigen huis telkens gelegenheid had zijn Maleisch-Portugeesch niet te verleeren" (p. 63). Hierbij neem Dr. H. aan wat nog moet bewijs word: dat die baas in die begin met baar slawe Maleis-Portugees praat, dus dat die baas Maleis-Portugees ken; en dat die baas telkens so 'n Maleis-Portugees sprekende nuweling in sij diens krij. Die eerste punt is al behandel. Wat die tweede betref: 'n slaaf was die eiendom van sij baas, en kon nie na drie maande die diens opsê nie. Gevolglik sal die nuwe slaaf in die reël wel in diens gekom het bij nuwe burgers, behalwe wanneer daar 'n ou slaaf oorlede was, of die boerderij uitgebrei moes word. En lang nie al die nuwe slawe het Maleis-Portugees geken nie. Die baas se Maleis-Portugees, gesteld dat hij die geken het, sal dus wel geleentheid te oor gehad het om te verroes.

En verder word daar niks aangevoer om te bewijs dat die Koloniste Maleis-Portugees gepraat het nie. En tog beskou Dr. H. dit as bewese. Op bladsij 67 sê hij: „de slaven kenden nu eenmaal veel minder van de Hollandsche taal, dan de Kolonisten van het Portugeesch der slaven". Sij pleidooi vir die bekendheid met Portugees onder die Koloniste berus op uifers swak gronde. En tog is dit die swaartepunt van sij betoog, of behoort dit altans te wees.

As Dr. H. nie kan bewijs dat die Koloniste Maleis-Portugees in die daaglikse omgang gebruik het nie, dan val al die gronde weg vir sijn bewering dat Afrikaans 'n mengeltaal is, behalwe in sover as die bewering op taalkundige gronde berus.

In die res van die eerste hoofstuk beskryf Dr. H. die moeite wat die Oost-Indiese Kompanjie gedoen het om Nederlands in stand te hou, en alle vreemde tale, maar meer spesiaal Portugees, teen te werk. Juis die feite maak dit vir ons nog moeiliker om te gloo dat die slawe aan die Kaap, lang na hulle aankoms nog met hulle base, en hulle base met hulle, Maleis-Portugees gepraat het. Vir 'n honderd jaar lang is daar waarskynlik deur slawe Maleis en gebroke Portugees aan die Kaap gepraat, ondanks die dekreet van van Goens waarbij die gebruik van Portugees verbied werd, omdat daar in kleiner of groter getalle tot omstreeks 1776 slawe uit die Ooste aangevoer is, en die het, dit spreek van self, in die begin die tale gepraat wat gebruiklik was in die Ooste. Maar soos dit vandaag in die reël nog gaan, sal dit toe ook wel gegaan het. As daar 'n baar Kaffer bij 'n boer in die diens kom, dan word hij met gebare en afgekorte sinne, waarin alleen die belangrikste woorde tot hulle reg kom, aan die verstand gebring wat van hom verlang word. Eerlang begin die Kaffer dan self meer woorde leer, totdat hij na verloop van tijd sijn bevele in vrij goeie taal ontvang, en daarop kan antwoord in gebroke taal. Van meer waarde dan die dekreet van van Goens sal die slaweskool gewees het, waarmee van Riebeek 'n aanvang gemaak het bijna onmiddellik na die aankoms van die eerste slawe uit Angola (*Het Afr.* p. 64).

En van meer belang dan die slaweskool, was ongetwyfeld die instruksie van die Gekommitteerde van Rheede (*Het Afr.* p. 68), waarbij kennis van Nederlands gesteld werd as voorwaarde waarop 'n slaaf sijn vrijheid kon verkrij. Dr. H. kon dit gerus ook genoem het as een van die oorsake wat die verdwyn van Maleis-Portugees bewerk het.

Ek het die historiese argumente van Dr. H. so uitvoerig bespreek, omdat hij, en tereg, sijn teenstanders altoos wijs op die historiese gronde waarop sijn teorie berus. Sijn taalkundige argumente stel voorop dat dit histories waarskynlik gemaak, bewijs, is, dat Maleis-Portugees deur die Koloniste in die daaglikse omgang gebruik is aan die Kaap gedurende die 17<sup>de</sup> en die 18<sup>de</sup> eeuw. Die taalkundige argumente wat Dr. H. in sijn tweede en derde hoofdstuk aanvoer kan sleg weerspreek word, solang die geskiedenis vereis dat ons sterk invloed van Maleis-Portugees op Afrikaans moet aanneem. Ek hoop dat ek daarin geslaag is om aan te toon dat die geskiedenis dit nie vereis nie, in elk geval nie in meerdere mate as invloed van Hottentots, waarvan Dr. H. niks wil weet nie, — en ek met hom. Ek gaan daar nie dieper op in nie, maar iemand wat die literatuur oor die onderwerp so beheers as Dr. H., sal erken dat *uit die geskiedenis* net so 'n sterk, of 'n nog sterker saak kan uitgemaak word ten gunste van Hottentots, maar die verskijnsele in die Afrikaanse taal self gee ons nie aanleiding om te vermoed dat so 'n ondersoek die moeite sal loon nie. *Uit die taal* sou moet blyk dat so 'n Hottentots teorie reg van bestaan het. Allermens omdat ek 'n voorstander van so 'n teorie is, maar om elk een soveel moontlik te gee wat hom toekom, wil ek tussen

twee hakies daarop wijs, dat die aantal Hottentotse woorde in Afrikaans groter is dan Dr. H. en Dr. du Toit voorgee, veral wanneer plaasname in aanmerking geneem word. En waarin verskil 'n naam van 'n rivier as die *Gamtoos* van die naam van 'n boom as die *loekwart*?

'n Feit wat tot nog toe in die geskifte oor Afrikaans te weinig vermelding gevind het, is dat die sig van sijn superioriteit bewuste blanke, nie so geredelik 'n woord van die slaaf of jong wat beneden hom staan oorneem nie, behalve wanneer hij in gesprek is met die slaaf of jong self. Met die kinders van die blanke is dit enigszins anders gesteld, in hulle jeugd altans. Maar sodra die kind so ver kom dat hij self kan onderskei tussen wat hij van sijn ouders en ander blanke hoor, en wat hij alleen uit die mond van die „volk” ken, begin hij sulke woorde en uitdrukkinge te vermij, sodat op latere leeftijd nie veel spore van die eerste invloed oorblijf nie, behalve so iets as uitroep van pijn, warmte, kou, wat bij hom as 't ware natuurklanke geword het, en wat hij dan ook nooit afleer nie. Sulke uitroep kom bij mij, ondanks alle moeite om die gebruikelike Hollandse uitroep aan te leer, vandaag nog spontaan op, as *eina*, *soe*, *sie*, *ga*. Maar selfstandige naamwoorde, (behalve natuurlik vir sake waarvoor in Hollands geen naam bestaan nie) bijvoeglike naamwoorde, en werkwoorde, sowel as sterk afwijkende sinwendinge, gaan later in die reël verlore, gesteld dat hulle al in die kindsheid aangeleer was. In die distrikte van die Vrijstaat, b.v. wat grens aan Basoetoeland, kom in werkelijkheid vandaag, en vermoedelik al vir die laatste vijftig jaar, 'n taaltoestand voor soos Dr. H. graag sou wil aangetoon het vir die Kaap Kolonie

'n twee honderd jaar vroeër. Die meeste blanke, vaders, moeders en kinders, ken Sesoetoe en praat dit daagliks met hulle „volk”. Dit kom dikwels voor dat kindertjies tot hulle vyfde of sesde jaar, beter Sesoetoe, as Afrikaans kan praat, soms uitsluitend Sesoetoe, en tog is daar in die vijftig jaar geen mengeltaal, of iets wat daarop lijk, ontstaan nie. Self het ek nog nooit onderskeid gehoor tussen mij eie Afrikaans, en die van mij vriende wat daar gebore en opgegroeï is nie, as kinders net soveel of meer Sesoetoe as Afrikaans gepraat het, en vandaag nog net so tuis is in Sesoetoe as in Afrikaans. Ek bedoel natuurlik onderskeid wat wijs in die rigting van taalverandering onder invloed van die vreemde taal. En as dieselfde kinders later Engels leer praat, dan duur dit nie lang nie, of die invloed daarvan op hulle Afrikaans word maar al te merkbaar. En vir 'n kind is Engels as taal tog seker nie mooier as Sesoetoe nie. Die verklaring moet m. i. dan ook gesoek word in die verskil in die maatskaplike posisie van die individue van wie hij die een en die ander taal geleer het.

En daarom dreig Afrikaans vandaag meer dan ooit 'n gevaar waarteen dit twee eeue lang weerstand kon bied, naamlik die gevaar van 'n mengeltaal te word. En daarom ook is dit 'n opinie van mij, — wat ek nie kan bewijs nie — dat die Maleis-Portugees van die slawe nie in die eerste plaas verantwoordelik moet gestel word vir die Maleise en Portugese woorde in Afrikaans nie. Ek hou dit daarvoor, dat die meeste van die woorde sal ontleen wees in die Ooste, en vandaar deur blanke oorgebring is na Suid-Afrika. Trouwens, van 'n aantal van die woorde in die lysste van Dr. H. en Dr. du Toit kan bewijs word



dat hulle al in Nederlandse reisverhale en offisiële stukke van vóór 1652 voorkom, wat dit waarskynlik, in sommige gevalle seker, maak, dat hulle aan die blanke aan die Kaap bekend was, sonder dat daar sprake kan wees van die invloed van die slawetaal.

In elk geval moet deeglik rekening gehou word bij die bespreking van ons onderwerp met die maatskaplike posisie van die sprekers van Nederlands en van Maleis-Portugees, anders loop ons gevaar die inwerkende invloede verkeerd te waardeer.

As ons moet opsom wat daar oorblij van Dr. H. se eerste hoofdstuk, dan is dit nie veel nie.

Wanneer daar vreemde skepe in die baai was, is daar waarskynlik Portugees, miskien Maleis-Portugees, gepraat deur blanke aan die Kaap; in enkele gevalle, hoeveel weet ons nie, het ook Koloniste gebroke Portugees gepraat. Vir die res was die gebroke Portugees, en waarskynlik ook Maleis-Portugees, beperk tot die slawe uit die Ooste, wat sterk in die minderheid was teenoor die Afrikaanse en Madagascarse slawe.

---